**Woensdag 28 Februarie**

| Skrifgedeelte: Hosea 14:1-10 | Fokusgedeelte: Hosea 14:5, 6 |
| --- | --- |

# Die Here gee sy kinders nooit prys nie: Hy genees en is vir hulle soos die dou

Die Here het voorheen vir Israel (Tien Stammeryk) ernstig aangespreek oor hulle onge-hoorsaamheid en afvalligheid en sy oordeel oor hulle bekendgemaak (:1).

En dan roep God sy volk tot bekering: Bely julle sondes en pleit om genade. Maar … die volk was ontrou. Hulle het nie tot die Here teruggekeer nie. In eie krag kon hulle ook nie. God bly egter getrou aan sy verbond en beloftes. Hy sê (:5-6): “Ek sal hulle afkerig-heid genees, hulle vrywillig liefhê, want my toorn is van hulle afgewend; Ek sal vir Israel wees soos die dou.”

Hierdie genesing en afwending van God se toorn gebeur omdat God Self ingryp en ver-andering bewerk. Sy Gees wek lewe in dooie harte. Só is Hy vir Israel soos die dou. Dou speel in die droë land Israel ’n groot rol in die groei van gewasse. Soos dou groei en lewe bewerk, sou die Heilige Gees die geestelik dooie volk Israel weer geestelik lewendig maak.

Maar … hulle moes die afgodediens staak en ophou om hulle vertroue op aardse ko-nings te plaas en op die Here alleen vertrou. Dan sou Hy ook vir hulle wees soos ’n boom (:7-8) waaronder hulle teen die elemente kon skuil.

Ook vandag laat die Gees gelowiges vasgryp aan Jesus Christus se versoeningsdood. Hy genees ons geestelik en uit Hom vind ons ons vrug (:5, 9). Só is Christus vir ons die Dou wat genees en lewe wek, en die Vrug wat ons voed en bring tot ’n heilige lewe wat in die ewige lewe oorgaan.

*Sing: Psalm 105-1:5, 6*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*